Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 11 Mei 1949 Prys 3d. No. 25

# LONDEN HET DR. MALAN VOOR KONFERENSIE TOT „MOEDIGE BESLUIT' BEWEEG

## Nuwe Standpunt Was Sorgvuldig Voorberei Deur Afgesant, Sê Britse Blad

**Die Londense besluit oor die toekoms van die Statebond het nie so skielik gekom soos mense meen nie. Dit is die resultaat van sorgvuldige bearbeiding en voorbereiding van die dominiums deur middel van afgesante wat die Britse regering voor die konferensie na die dominiums gestuur het. Hierdie deeglike voorbereiding word deur die Londense Daily Telegraph genoem as die rede vir die sukses van die Londense Konferensie waar besluit is dat Indië 'n republiek binne die Statebond kan word, terwyl die ander dominiums hulle opnuut neerlê by die huidige status.**

**In die lig van hierdie insiggewende openbaring in die hoofartikel van 'n vooraanstaande Britse blad, kry die besoek van sir P. Leisching, afgevaardigde van die Britse regering wat dr. Malan 'n week of wat voor die konferensie in Kaapstad kom spreek het, heeltemal 'n nuwe betekenis.**

**Dat dr. Malan kort na die vertrek van hierdie Britse afgesant, met 'n verklaring in die Senaat voor die dag gekom het dat Suid-Afrika tevrede is om binne die Britse Ryk te bly, moet dus in verband gebring word met die hoë Britse besoek, want sonder dat daar vooraf enige aanduidings van 'n beleidsverandering was, het dr. Malan sy republikeinse ondersteuners verbaas met sy ommeswaai.**

Met verwysing na die Londense besluit verklaar die blad: „Dit beteken nie net dat die probleem van Indië opgelos is nie, maar ook dat ander, wat sekerlik verontrus en angstig sou gewees het oor hul eie status, as Indië s'n nie opgelos is nie, nou heeltemal tevrede gestel is om voort te gaan.

**„Hul tevredenheid is nie verbasend nie, omdat die verandering in die werklike praktyk, selfs in die geval van Indië, per slot van sake baie gering blyk te wees.** Terwyl die koning formeel die aanstelling van Goewerneur-generaals vir die dominiums goedkeur, sal hy nie versoek word om die aanstelling van 'n president vir die Indiese Republiek goed te keur nie. **Maar aangesien die koning sonder uitsondering in sulke sake die advies van die dominiale ministers volg, skyn daar nie veel praktiese verskil te wees nie,"** aldus die Daily Telegraph.

### VOORBEREI

**„Die besluit is miskien nie so vinnig geneem soos dit voorkom nie. Die grond vir die ooreenkoms is in werklikheid sorgvuldig voorberei deur voorlopige besprekings sowel op die laaste konferensie as deur die bestendige samesprekings sedertdien, veral deur middel van die spesiale afgesante wat onlangs deur die Britse regering uitgestuur was.**

**„In kort, hier is 'n nuwe bewys van die stelreël dat konferensies beloof om te slaag as hulle sorgvuldig voorberei word.** Die sukses word verwelkom om sowel positiewe as negatiewe, en om sowel regstreekse as onregstreekse redes." As redes vir die blydskap, noem die blad die feit dat daar geen nodigheid bestaan om bekommerd te wees oor die verandering of aanpassing van die stelsel van handelsvoorkeur nie en dit is ook nie nodig om die opstel van verdrae te oorweeg of om te onderhandel oor 'n bondgenootskap nie.

### EEN VAN HART

Ten slotte verklaar die blad: **„Die nuwe Statebond is 'n eenheid van hart en strewe en nie van tydelike belange of van droë woorde soos stof nie."**

In 'n berig waarin die politieke korrespondent van die blad die betekenis van die besluit ontleed en die gevolge verduidelik, skryf hy: **„Net so belangrik is die feit dat Pakistan, Ceylon en Suid-Afrika nie van plan is om van die verklaring gebruik te maak om republieke te word nie. Hulle sal Konstitusionele koninkryke bly.**

**„Dit verteenwoordig sonder twyfel 'n moeilike en moedige besluit deur Liaquat Ali Kahn (Pakistan) en dr. Malan (Suid-Afrika). Dat Ceylon hierdie koers sou inslaan, was algemeen te wagte."**

# Spanje Kry Meer Vriende In V.V.O.

**Die kommunistiese propaganda teen genl. Franco wat bedoel was om Spanje te isoleer van die Westerse wêreld, het die afgelope week 'n terugslag gekry toe die politieke komitee van die V.V.O. besluit het ten gunste van 'n wysiging van die 1946-besluit dat lande alle diplomatieke betrekkinge met Spanje moet afbreek. Die nuwe besluit lui dat lande toegelaat moet word om betrekkinge te herstel as hulle dit verkies. Omdat die meerderheid nie groot genoeg is nie, bestaan daar twyfel of dit deur die algemene vergadering van die V.V.O. aangeneem sal word.**

**Engeland volhard nog in sy weiering om nasionale Spanje te erken.**

Sedert die oorlogsdae het Moskou 'n geweldige propagandaveldtog teen Franco geloods wat deur Amerika en Brittanje nagepraat is. Die sinneloosheid om Franco, wat Spanje van die Kommunisme gered het, uit die geledere van die volke te ban, is tans besig om tot Amerika deur te dring, maar Brittanje volhard nog in sy houding en sal waarskynlik te vinde wees om Spanje te erken eers wanneer die rooi bewindhebbers dat deur Franco onttroon is, weer die septer oor Spanje swaai.

Die Politieke Komitee het met 26 stemme teen 16 besluit dat lande diplomatieke betrekkinge met Spanje kan handhaaf, maar 16 lande het buite stemming gebly onder wie Engeland en Amerika. Dit is dus te betwyfel of die besluit die nodige tweederde-meerderheid in die Algemene Vergadering sal kry. Rusland en sy handlangers het soos een man teen die voorstel gestem. Pole het voorgestel dat sanksies teen Spanje toegepas word, maar dit is verwerp.

Die Britse afgevaardigde het verklaar dat Spanje „ondemokraties" en die bewind nie verteenwoordigend is nie.

Amerika het die afgelope week te kenne gegee dat hy geen politieke beswaar het om geld aan Franco te leen nie. Dit beteken nie dat daar dadelik 'n lening gemaak sal word nie, maar dat die pad daarvoor nou oop is.

# AFRIKAANSE FAKULTEIT VIR TANDARTSE

Die eerste Afrikaanse fakulteit vir tandheelkunde sal binnekort aan die Universiteit van Pretoria geopen word. Die Minister van Gesondheid en Onderwys het sy verlof hiervoor gegee. Die Universiteit van Witwatersrand is tans die enigste plek in Suid-Afrika waar tandartse hulle kan bekwaam.

# AFRIKANERS NEEM IN KAAPSTAD VINNIG TOE

**Voorlopige syfers van die sensus wat in 1946 opgeneem is toon 'n groot toename van Afrikaanssprekendes in Kaapstad, Wynberg en Bellville in vergelyking met 1936.**

**In hierdie magistraatsdistrikte is daar tans 65,700 Afrikaanssprekendes teenoor 40,900 in 1936. Die Engelssprekendes het in 1936 sowat 119,300 getel en is nou 147,900.**

Die grootste toename van Afrikaansprekendes het in Bellville plaasgevind. Gedurende die tydperk het die Afrikaners van 18,000 tot 25,000 toegeneem en die Engelssprekendes slegs van 6,500 tot 9,400.

Die huistaal van kinders onder 20 in die magistraatsdistrik Bellville vir 1946 was: Afrikaanssprekendes 11,800; Engelssprekendes 4,000.

In Kaapstad was die getalle as volg: Afrikaanssperkendes 8,000; Engelssprekendes 20,000.

### MINDER KINDERS

**'n Vergelyking van die verhouding tussen kinders onder 20 jaar en die totale bevolking van elke groep, toon dat daar 'n aansienlike daling plaasgevind het in die tien jaar ten opsigte van die kindertal en dat die daling tweekeer so groot onder Engelssprekendes was as onder Afrikaanssprekendes.** In die geval van laasgenoemde groep was die verhouding in 1936 43½ persent en in 1946 40 persent. Die Engelse se kindertal is aansienlik laer en die persentasies vir die twee jaartalle is onderskeidelik 36 en 29½.

# Groot Feeste End Van Jaar

**Die inwydingsplegtigheid van die Voortrekkermonument sal van 13 tot 16 Desember duur, volgens 'n aankondiging van die feeskomitee. Die eerste nommer op die program is 'n volkspele-aand op 13 Desember. Die amptelike verrigtinge begin op 14 Desember en hou aan tot 16 Desember.**

Sowat 4,000 standplase van twintig by dertig voet sal beskikbaar gestel word en 'n amptelike feesprogram sal eersdaags uitgegee word.

Die A.T.K.V. in samewerking met die F.A.K. is intussen besig om landswye feeste te reël. Die aankoms van die rapportryers sal tot 'n groot mate die middelpunt van sulke feesvierings wees. 'n Beroep is ook op plaaslike komitees gedoen om hulle in verband met die rapportryers van die politiek te weerhou.

Die rapportryers sal boodskappe, gegrond op kultuur- en landsinstellings, na die monument dra en by haas elke geskiedkundige plek aandoen. Boodskappe moet kort en bondig wees en rapportryers sal te werk gaan soos tydens die kommandostelsel.

Op die laaste skof na Pretoria sal poskoetse by die ryeres aansluit en moontlik ook groot perdekommando's.




'n Tjek is veiliger!

Dit is nie net ongerieflik om geldelike vereffenings of oorbetalings in kontant te doen nie—dit kan ook verliese meebring.

Vermy sulke ongerief, beslommernis en verliese deur by oorbetalings liewer van die veilige en gerieflike TJEK gebruik te maak. Spreek die naaste takbestuurder van Volkskas.

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS

BEPERK (Geregistreerde Handelsbank)

HOOFKANTOOR: PRETORIA

New York Agente: Chemical Bank & Trust Co.
Londen Agente: Lloyds Bank Limited

# EERSTE EN LAASTE KANS OM EIE OPINIE TE LUG

Onder die opskryf: „AANWINS VIR VOLKSRAAD — NUWE L.V. MAAK INDRUK", skryf Die Burger verlede week:

„Min nuwe Volksraadslede kan daarop aanspraak maak dat hulle in hul eerste toespraak 'n aandagtiger gehoor gehad het as mnr. P. A. Moore, nuwe V.P.-lid vir Kensington, wat gister vir die eerste keer gepraat het.

„Hierdie lid het tussenbei getree in een van die kwaaiste politieke debatte van die Sitting, **en lede verras met die wyse waarop hy daarin geslaag het om — getrou aan die Parlementêre etiket — nie met sy eerste toespraak hande en voete binne die politiek te beland nie.**

„**Inteendeel, hy het oor die C.N.O.-beleid 'n nugtere, objektiewe, eerlike en tot groot hoogte onpartydige beskouing gegee as iemand wat weet waarvan hy praat en weet van wie hy praat** . . . .

„As hy altyd met dieselfde kennis oor 'n onderwerp kan praat en sy onderwerp benader soos hy gister gedoen het, sal hy, wat redenaarstalent betref, een van die vernaamste aanwinste van die Volksraad wees sedert die dood van wyle mnr. A. J. Werth."

Bostaande berig sal vir baie lesers 'n openbaring wees. Soos die berig aandui is dit „Parlementêre etiket" dat 'n nuwe lid in sy eerste toespraak nie 'n partypolitieke toespraak hoef te hou nie — netsoos dit etiket is om 'n veroordeelde se laaste versoek toe te staan. **Dit is dan ook die eerste en enigste geleentheid wat hy kry om sy eie menings in die parlement oor sake te lug. Daarna verdwyn hy onder die kluite van die partykoukus en moet hy „uit een mond" met sy partygenote praat — daarvoor sal die „tirannie van die partysweep", soos dr. Malan dit noem, sorg.**




**Hoe ydel klink dan die hoop van Die Burger dat hierdie bekwame man in die toekoms „altyd met dieselfde kennis" oor sake sal praat! Sy kennis sal nie verder durf strek as die gemiddelde van die Smutskoukus nie!**

## *VISVANG OP SONDAG IS ONWETTIG*

Hengelwedstryde op Sondag is onwettig omdat dit Sabbatsontheiliging is, volgens die bevinding van die hof. Die saak het voortgespruit uit wedstryde wat die afgelope tyd aan die Rand op Sondag gereël is om te kyk wie kan die grootste baber vang.

Die persoon wat van die oortreding aangekla was, is die organiseerder van die wedstryde. Omdat die hof die saak as 'n toetssaak beskou het, is hy ontslaan.


## Versigtige verpakking verseker veilige aflewering

| Dit is ONSEKER | Dit is VEILIG |
| --- | --- |
|  Moenie goedere los verpak nie. |  Maak alle ruimtes styf vol. |
|  Moenie swak kartondose vir swaar goed gebruik nie. |  Gebruik stewige houers wat die inhoud sal steun en beskerm. |
|  Moenie breekbare goed onbeskerm verpak nie. |  Draai elke stuk apart toe met 'n beskerming van strooi of papier. |

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU.

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal

*Hierdie is die eerste in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.*


# *Opposisie Betig Omdat Lede Eie Menings Lug*

## Versuim Sy Demokratiese Plig, Sê Blad

**'n Insiggewende blik in die werkinge van die partypolitiek en die kunsmatige dwangbuis waarin volksverteenwoordigers gepers word, word verkry uit 'n nuusberig in Die Burger van 26 April waarin die blad aanhaal uit klagtes wat in die Engelse pers verskyn het in verband met die swak leiding van die Verenigde Party in die parlement. Die berig verklaar dat daar nie 'n eenheid van beleid is nie, en dat lede toegelaat word om bont te praat.**

**So beklagingswaardig word hierdie opposisie-versuim in partypolitieke kringe beskou dat Die Burger self in 'n hoofartikel die Verenigde Party aanmaan om sy sokkies op te trek of hy kan maar die droom laat vaar om ooit weer in die regeringskussings te kom!**

Die berig lui onder meer as volg:

„Die kritici — en daar is baie van hulle — wys daarop dat nie slegs die gewone partylede in die Parlement nie, maar ook voorbankers dikwels totaal in die duister gehou word omtrent die partybeleid, totdat voorbanksprekers werklik opstaan om die saak oor die vloer van die Raad te beredeneer. **Die gevolg is dat strydige gedagtes deur onvoorbereide lede uitgespreek word** . .

„**'n Skreiende geval van versuim om die partypolitiek te koördineer, het op 6 April tydens die Begrotingsdebat voorgekom, toe die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, in die Volksraad openlik dronkgeslaan was deur die strydige kritiek op sy Begroting deur lede van die Verenigde Party. . .**

### „AGTERUITGANG"

„Die pers van die Nasionaliste het gou gegryp na wat hy byna daagliks beskryf as 'n agteruitgang in die leiding van die Verenigde Party, en die meeste Verenigde Partylede voel dat die tyd aangebreek het om die lukrake rigting-bepaling van die partybeleid te beëindig en 'n gekoördineerde en verenigde opposisie te bied waarin elke lid ten volle oor beleid ingelig is.

„**Dit is waarskynlik dat dit gedoen sal word deur daarop te staan dat hoë beleid in die toekoms in die volle koukus bepaal word, eerder as op die daaglikse middagvergaderings van die party, en dat die party se optrede aan die lede verduidelik sal word, nie aan die vooraand van die debat nie, maar betyds genoeg om hulle in staat te stel om hulle, indien nodig, by moontlike veranderings aan te pas."**

### DIE LES

In sy hoofartikel verwys Die Burger na die „bedenklike toestand" binne die Verenigde Party wat hy „'n siekte" noem, en verklaar dat die party nog nie geleer het dat „vertroue in die opposisie vertroue in hom as moontlike regering moet voorafgaan nie."

„Die Regering staan vandag teenoor 'n opposisie — en die land teenoor 'n party wat hom as 'n alternatiewe regering wil voordoen — wat geen verenigde politieke strydmag is nie, maar 'n bonte skare guerilla-vegters. **Die Verenigde Party sal sy volhardende droom van 'n spoedige terugkeer tot die regeringsbanke moet prysgee voordat hy die doeltreffende en waaksame opposisie kan word wat die goeie werking van die demokratiese stelsel vereis."** Aldus die Burger.

### ONVERSTAANBAAR

Die taal wat in bostaande opsomming verskyn sal 'n Paul Kruger en Marthinus Steyn so dronk geslaan het dat hulle die joernalis wat dit geskryf het sonder twyfel vir observasie sou aanbeveel het. **In dieselfde asem wat daar gepraat word van „demokratiese stelsel" — iets wat met vryheid verbind word — word daar gekla oor die feit dat lede van die volksraad toegelaat word om te praat sonder dat 'n koukus vooraf vir hulle gesê het hoe om te praat!**

Stel jou voor dat Die Volkstem van die Transvaalse Republiek met 'n artikel sou kom waarin hy kla dat 'n deel van die volksraadslede uit verskillende monde praat! **Dat hulle nie almal dieselfde dinge sê nie. Vir die Transvalers en Vrystaters, waar 'n volksverteenwoordiger vry was om sy eie mening en dié van sy kiesers te bepleit, sal so iets te gek geklink het om ernstig opgeneem te word.**

### „FLATER"

Maar in ons Unie-parlement, wat 'n namaaksel is van die Britse idee van „demokrasie", is dit so 'n groot flater as lede van dieselfde party verskillende dinge sê, dat so 'n party afgekam kan word vir sy pligsversuim ten opsigte van die behoorlike werking van die „demokrasie"!

Nou kan lesers ook verstaan waarom daar parlementslede is wat vyf jaar en langer in die parlement sit sonder om ooit 'n woord te praat. Hulle moet tog maar net herhaal wat die koukus aan hulle voorsê en wat die „voorbankers" al klaar gesê het.

**En dan is daar nog Afrikaners wat hierdie gekke stelsel aanvaar as 'n volkstradisie!**

## *Nuwe Stelsel Vir Bevordering*

'n Nuwe stelsel om die beste manne in die gevangenisdiens te bevorder is deur die Minister van Justisie aangekondig. 'n Komitee is nou aangestel wat die magistrate sal raadpleeg oor die gevangenispersoneel in hul gebied. Hierdeur sal beter inligting verkry word oor die bekwaamheid van die personeel met die oog op bevordering.

**'n Mediese fakulteit vir nieblankes sal hopelik in 1949 in Durban gestig word, het die Minister van Onderwys aangekondig.**

## Baie Geld Vir Rooi Oorlog

**Watter omvang die Russiese bewapening aanneem, blyk baie duidelik uit die jongste Russiese begroting.** Maar die Kommuniste is slim genoeg om die werklike omvang daarvan te bedek deur items wat uitsluitlik betrekking het op miltêre voorbereidings, onder poste wat nie betrekking het op verdediging nie, te plaas.

'n Ontleding van die syfers toon dat die bedrag wat volgens skyn vir verdediging afgestaan is, sowat 79 biljoen roebels bedra. Dit is 19 persent meer as verlede jaar.

Die werklike syfers toon egter heeltemal 'n ander prentjie. So blyk dit dat atoomnavorsing onder opvoeding geplaas word; die maak van vliegtuie val onder nywerheidsproduksie; militêre geboue en paaie word ingedeel onder burgerlike bouwerke; en nuwe verdedigingswerke word bestempel as kapitaalbelegging.

**Die werklike bedrag wat die Russe aan Verdediging bestee kom dus op 240 biljoen roebel te staan!**

# *VRYHEIDSTRYDERS VAN BRITTANJE*

**In Brittanje is daar tans onder leiding van 'n blad met die naam Independent Nationalist 'n soort vryheidbeweging aan die gang omdat gevrees word dat Brittanje vinnig op pad is om 'n aanhangsel van die Verenigde State te word.**

Die blad haal aan uit 'n boek van 'n Amerikaanse joernalis waarin hy sy ondervindings vertel. Onder meer skryf die Amerikaner oor Brittanje: „Ek het een minister van die kabinet na 'n lang bespreking hoor sê: **‚Natuurlik, vroeër of later sal ons verplig wees om die nege-en-veertigste staat (van die V.S.A.) te word'."**

Oor hierdie aanhaling skryf die Indepent Nationalist: „Ons staan altyd verdag teenoor skrywers wat aanhaal sonder om name te noem, maar aangesien ons ons politici ken, is ons geneig om die storie te glo."

Die blad beskuldig die regering ook daarvan dat Brittanje te veel laste vir Amerika dra en verwys na algemene kommentaar in Brittanje wat lui: „Waarom al die lawaai oor die sabotasie wat die Rooies in tyd van oorlog vir Rusland kan pleeg? **Die Tories het Brittanje reeds jare gelede aan die V.S.A. verkoop. Die Yankees is klaar hier."** Of: „**Dit is snaaks.** Die V.S.A. is gestig deur mense wat weggeseil het om te ontsnap aan Europese tirannie, nou probeer die mense in Europa Amerikaanse oorheersing vryspring!"

# LONDENSE BESLUIT DIEN IMPERIALE DOEL

## Britte Behou Wat Verkry is Met Wapens Sê Blad

**Onderwyl Die Transvaler in sy hoofartikels lesers wat teen dr. Malan se binne-Empire-beleid protesteer, toesnou dat hulle hul „beproefde leier onteer", erken die skrywer van die blad se buitelandse rubriek onomwonde dat die nuwe reëling waarby Indië 'n republiek binne die Empire kan word, pragtig inpas by die Britse imperiale belange, en dat Indië nog dieselfde doel sal dien waarvoor Brittanje hom met wapengeweld binne die Empire gesleep het.**

Die artikel toon aan dat die Britse staatsmanne wat Indië nou toelaat om 'n „republikeinse staatsvorm" aan te neem binne die Empire nooit begeer het om Indië te verloor nie. „Brittanje beskik vandag nie meer oor die mag om Indië teen sy wil in die Statebond te hou nie, maar tog sien hy graag dat Indië dit vrywillig sal doen. Vir Brittanje is daar egter ook 'n groot rede waarom hy Indië in die Statebond wil hou. **Hierdie rede is ekonomies. Reeds in 1932 het wyle burggraaf Baldwin verklaar dat namate die konstitusionele bande tussen die verskillende dele van die Britse Statebond losser word, daar ekonomiese bande gesmee moet word. Daardie groot imperialis Joseph Chamberlain het al so vroeg as 1896 verklaar: „Die Ryk beteken handel. Dit is deur handel geskep, dit is gegrond op handel en dit kan nie 'n dag sonder handel bestaan nie."**

### STROME GELD

„In die ekonomie van Brittanje self het Iindië nog altyd die vernaamste plek beklee . . Tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Indië maklik die eerste plek onder die afnemers van Britse handelsware beklee. Miljoene ponde is in Indië belê en het so veroorsaak dat jaarliks groot strome geld in die vorm van dividende of rente uit Indië na Brittanje gevloei het. Brittanje is vandag meer van sy uitvoerhandel afhanklik as ooit tevore . . .

„Gister is reeds uit Londen berig dat die besluit van Indië om 'n republiek te word, geen verandering aan die stelsel van Ryksvoorkeur gaan aanbring nie. **Hierdie feit is in werklikheid baie belangriker as die besluit dat Indië 'n republiek mag word, maar nogtans binne die Britse Statebond bly. Die Britse belange word nie in die minste aangetas deur die soort regeringsvorm wat Indië aanvaar nie. Wat vir Brittanje die belangrikste is, is dat Indië binne die Statebond sal bly en dat hy as mark vir die Britse uitvoerhandel behoue sal bly deur voorkeur aan sy goedere te gee bo ander lande.**

### IMPERIALE DOEL BEREIK

**„Hierdie doel is nou bereik.** Iets meer as drie jaar gelede het Attlee die hoop uitgespeerk dat Indië binne die Britse Statebond sal bly. Hy het verklaar dat Indië dit voordelig sal vind. Wat hy natuurlik nie bygevoeg het nie, **is dat ook Brittanje dit voordelig sou vind. Die ekonomiese belange van Brittanje is nou deur die konstitusionele veranderinge gewaarbodrg en daarmee kan die Britse regering — trouens elke Brit — hoogs tevrede wees. Solank die ekonomiese bande bestendig bly, kan daar aan die konstitusionele bande allerlei veranderings aangebring word.**

### „ENORM BAAT"

**„Die slotsom waartoe 'n mens dus geraak is dat Brittanje by die jongste konstitusionele veranderinge enorm baat gevind het. Wat vir hom hoofsaak was, naamlik die behoud van die Indiese mark, wat op sy beurt meebring dat Indië deel van die Statebond moet bly, is bereik."** Aldus Die Transvaler.

Voeg in die plek van Indië nou Suid-Afrika en u sien waarom die OB. beswaar maak teen die HNP. se nuwe beleid van „republikanisme binne die Empire."

# Net Kommuniste Kan Vakansie Hou

Duitse vakansie-oorde aan die Oossee sal hierdie somer slegs deur lede van die politieke partye in die Russiese besettingsgebied en deur lede van die kommunisties-beheerde vakbonde besoek kan word, volgens 'n berig in 'n Duitse koerant.

# PARLEMENT VIR EUROPA GESTIG

Die eerste internasionale parlement vir Europa is die afgelope week tot stand gebring. Die nuwe liggaam sal bekend staan as die Raad van Europa.

Die eerste ministers van Noorweë, Swede, Denemarke, Eire, Italië, Luxemburg, Nederland, Frankryk en Brittanje het so pas die handves vir hierdie liggaam onderteken. Die raad sal vir die eerste keer gedurende Augustus in Straatsburg, Frankryk, byeenkom. Die doel van die Raad van Europa is om groter eenheid te bewerkstellig en die gemeenskaplike erfenis van die Weste te bevorder. Verdediging maak nie 'n onderwerp uit van sy taak nie.

Die raad sal uit 87 lede bestaan en alle besluite sal 'n twee-derde meerderheid vereis.

# BLINK STAAL MAAK STERKER BANDE MEEN BRITSE BLAD

**Wat die Britse blad Daily Telegraph „'n interessante konstitusionele posisie" noem het ontstaan na afloop van die konferensie van Empire-premiers voorverlede week in Londen.**

Na die vergadering het die eerste ministers na die koning gegaan om verslag te doen. Teoreties kon die ministers nie die koning gesamentlik inlig nie; hulle moes dit elkeen afsonderlik doen. **Maar dit is vooruit besluit dat premier Attlee, „as voorsitter van die konferensie" die inhoud van die verklaring aan die koning moes verduidelik.**

Die blad merk in hierdie verband op:

**„Hierdie ooreenkoms word beskou as 'n demonstrasie op 'n baie geleë tyd aan die wêreld van die voortgesette eenheid van die Britse Statebond.**

„In die lig van die feit dat Nehru by die begin van die samesprekings 'n paar maande gelede dit nie moontlik geag het dat 'n oplossing waarby Indië die kroon in enige opsig erken, bereik kon word nie, **toon dat die samewerking van die Statebond besig is om te groei en te vermeerder en nie om af te neem nie.**

### OU MASJINERIE BLY

„Al die masjinerie van raadpleging binne die Statebond sal voortduur nadat Indië 'n republiek geword het . . . **Die waarde van hierdie oplossing is dat dit niks nuuts meebring nie, maar slegs 'n nuwe vertolking is van 'n bestaande statuut."**

Belangrik in bostaande aanhaling is ook dat gewag gemaak word van die feit dat die samesprekings oor Indië se posisie „'n paar maande gelede" al begin het. **Dit strook met die blad se hoofartikel wat beweer dat alles vooraf vanuit Londen beklink was. Die konferensie moes dus net sy stempel gaan plaas het op die „bande van blink staal" wat die Britse regering gesmee het vir Indië se behoud vir die Empire.**

(Adv. Eric Louw het 'n paar jaar gelede met verwysing na 'n republiek binne die Britse Statebond op Beaufort-Wes gesê dat dit beteken dat die bobbejaan nou met 'n ketting van blink staal in plaas van geroeste yster aan die Empire-paal vasgemaak word.)

(vervolg van bl. 4, kol. 5)

### SKIET OP KINDERS

Sonder kommentaar vertel die skrywer ook hoe vliegtuie eenvoudig voor die voet passasierstreine vol vroue en kinders waarin hy gereis het uit die lug bestook en die vlugtende burgerlikes onder die masjiengewere gesteek het — dit was deel van die „totale oorlog" waarin kind nog vrou gespaar is.

Veral in sy laaste deel waar hy sy persoonlike ervarings meedeel kry mens enigsins 'n beeld van die geweldige ontwrigting waarin mense soos diere aan hul lot oorgelaat was — hoe vroue wat tussen die menigtes op 'n trein probeer spring eenvoudig moes kyk hoe hul kindertjies op die perron alleen agterbly omdat die trein vertrek het voordat hulle kon ingetel word.

Die verhaal van sy ervarings lees soos 'n produk van die verbeelding.

# REISIESHONDE NOU VRAAGSTUK IN TVL.

**Die lot van die windhonde waarop Johannesburgers maandeliks duisende ponde verwed het, hang tans in die weegskaal omdat hondereisies vanaf 1 Julie vanjaar onwettig sal wees. Die vraag is tans of hulle doodgemaak of aan privaat persone verkoop moet word. Niemand skyn nog enige duidelikheid oor die vraag te hê nie, maar daar is kringe wat meen dat die honde liewers om die lewe gebring moet word omdat hulle te veel skade onder wild en vee sal veroorsaak as hulle in privaat hande beland.**

Nou dat hierdie honde waarskynlik om die lewe gebring sal word, word daar weer gedink aan die skandalige praktyk gedurende die oorlogsjare toe windhonde bedoel vir reisies ten spyte van tekort aan skeepsruimte waardeur Suid-Afrika gevoelig getref is, met die verlof van die destydse regering ingevoer is. Hoewel daar destyds protes teen die voorval aangeteken is, het dit niks gebaat nie.

Gesaghebbendes meen dat as hierdie vinnige honde geleer word om ander wild te jag as elektriese hase, dit noodlottig sal wees vir al die beskermde wildsoorte in die Unie omdat haas geen dier voor hulle sal kan bly nie. Daar word ook berig dat naturelle in Transvaal tot soveel as £25 vir windhonde betaal. Hierdie honde word dan spesiaal afgerig om wild te jag. Hulle word ook sorgvuldig gekruis om hulle meer doeltreffend te maak. Dit word beweer dat elke naturellekraal oor sulke honde beskik wat vleis moet verskaf. Die honde word geleer om weg te kruip as blankes die kraal besoek en word hoofsaaklik uitgestuur as die grond klam is.

Daar bestaan selfs „wildslaghuise" in naturellegebiede waar biltong van die wild wat die honde vang, gemaak word. Dit word dan aan die naturelle op die myne verkoop.

# Maerte Van 1945 In Vooruitsig

Vanaf die tweede helfte van die jaar sal invoerbeheer verskerp word en die land sal met minder goedere as voorheen moet klaarkom. Dit word gedoen sodat Suid-Afrika binne die perke van sy inkomste kan leef. Die invoerpeil sal waarskynlik grens aan dié van 1945 toe die oorlog verantwoordelik was dat die Unie baie dinge moes ontbeer.

Vir die tweede helfte van die jaar sal daar slegs £55,000,000 beskikbaar wees. Dit is ongeveer eenderde van die totale invoer van verlede jaar toe Suid-Afrika goedere ter waarde van £326,000,000 ingevoer het — wat tweemaal soveel is as in 1945.

Die regering hoop om langs hierdie weg die betalingsbalans van die Unie weer te laat klop.







DIE O.B., WOENSDAG, 11 MEI 1949

# DIE SPEL VAN LONDEN

Soos elders in ons blad berig, het 'n Londense koerant sy lesers gerusgestel met die versekering dat wat in Londen voorverlede week besluit is, niks anders is nie as die vrug van suksesvolle bearbeiding van die dominiums deur die Britse regering sedert die vorige Empire-konferensie en veral by wyse van persoonlike afgesante na die eerste ministers van die dominiums. **Die blad kan sy lesers dan ook opvrolik met die versekering dat hierdie bearbeiding uitgeloop het op 'n versterking van die Empire-bande waar dit juis gedreig het om te verswak.** In die geval van Nehru, so lui dit, het hierdie bearbeiding daarop uitgeloop dat 'n man wat vier jaar gelede nog in 'n Britse tronk gesit het en 'n paar maande gelede nog geen moontlikheid wou aanvaar dat Indië die Britse kroon in enige opsigte erken nie, nou ewe gedwee die kroon aanvaar as 'n konneksie en selfs toelaat dat sy land deur die eerste minister van Brittanje „as voorsitter" by die koning verteenwoordig word by die oorhandiging van die besluit oor Indië se posisie binne die Ryk — iets wat die blad as 'n merkwaardige demonstrasie van Rykseenheid beskou.

**Die berig in die Britse blad is swanger van betekenis, maar laat ons dadelik sê dat dit ons geen rede gee om dr. Malan nou as 'n volksverraaier uit te kryt nie.** Ons het voorheen in ons blad geskryf dat dit 'n baie gevaarlike spel is om nasionale leiers van verraad te beskuldig op grond van hul politieke standpunte, en ons herhaal ook nou weer ons stelling. Ons het genoegsame vertroue in die nasionale gevoel van dr. Malan om nie te glo dat hy „omgekoop" is om sy volk te verraai nie. **Maar dit neem nie weg nie dat ons groot bedenkinge het teen die politieke beleid wat dr. Malan tans volg en waarvan hy klaarblyklik slagoffer geword het sedert hy die bewind aanvaar het.**

### HET GEWAARSKU

**Dr. Malan is gevang in 'n strik waaruit hy nie kan wegkom nie; hy is gevange geneem deur 'n mag waarteen hy in baie duidelike taal in 1941 gewaarsku het — dieselfde mag wat ook vorige Afrikaanse leiers gebind het tot slaafse navolging van John Bull, en hierdie mag is die Britse parlementêre stelsel wat die afweerdraad is waaragter die Britse konneksie skuil.** Toe die hoop op 'n vernietiging van die Britse instellings in 1941 hoog gevlam het, het dr. Malan op moedige wyse die swakheid van hierdie stelsel aan die kaak gestel as die grondoorsaak van ons grootste vraagstukke. Sy woorde, soos uitgespreek in 'n toespraak te Stellenbosch op 25 Maart 1941, is deur die Federale Raad van die H.N.P. opgevang en in die volgende bewoording tot besluit geformuleer:

**„Wat ook al ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees. DIT HET DIE MAGSMIDDEL GEWORD IN DIE HANDE VAN DIE GEORGANISEERDE GELDMAG wat deur sy eie pers die publieke opinie manipuleer vir sy eie voordeel EN TEN BEHOEWE VAN BRITS-IMPERIALISTIESE BELANGE. Ware Suid-Afrikaanse volksbelange word veronagsaam en beveg; lewensbelangrike vraagstukke bly onopgelos en word bykans onoplosbaar; en deur die mees onbeskaamde korrupsie word ons openbare en algemene volkslewe aanhoudend vergiftig en verpes."** (Die Republikeinse Orde, bladsy 4.)

### AFSKEIDING DIE REDMIDDEL

En as redmiddel het dr. Malan hierop aan die hand gedoen:

> „Verbreek die Britse konneksie, bring die Afrikaners byeen, stig 'n republiek en probeer jou ideale verwesenlik in samehang met wat in die wêreld gebeur. **Dan is dit ons kans om hier in Suid-Afrika die ideale in ons program van beginsels vervat, te verwesenlik."**

Maar ongelukkig het dr. Malan om die een of ander rede verkies om die pad te verlaat wat hy aangedui het en het hy weer gaan deelneem aan die spel van die Britse parlementêre stelsel waarbinne die geldmag regeer en waarbinne daar „korrupsie op groter skaal is as wat die volk vermoed," soos hy dit gestel het toe hy daaraan toegevoeg het: „Ons land is verrot van korrupsie omdat die georganiseerde geldmag, Hoggenheimer, diktator van Suid-Afrika is."

Vandag sit dr. Malan verstrik in die spel waaraan hy gaan deelneem het teen sy eie waarskuwing in, en moet hy noodgedwonge „moedige besluite" neem in belang van die Empire op voorskrif van Londen se spesiale afgesante. Daarom dat die man, wat 'n paar jaar gelede in die varse lug van 'n eie volksverlede weens sy kontak met die Volksbeweging, sy gehore kon besiel met die oproep tot „taaie moed en volharding" **in die verbreking van die Britse konneksie, nou uit Londen geloof moet word vir sy „moedige besluit" om binne die Britse konneksie te bly.** Vir dr. Malan, solank hy die pad van Britse parlementarisme volg, bestaan daar geen vooruitsig dat hy die ideale in sy program van beginsels vervat, kan verwesenlik nie, **want die parlementêre stelsel self is die wese van die Britse konneksie**

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

**soos ook die Cape Times erken, en solank daardie konneksie bestaan kan jy jou groot vraagstukke nooit oplos nie, soos dr. Malan self erken het toe hy nog steeds in dieselfde toespraak gesê het: „Afgeskei van die Britse Ryk sal die oplossing van eersgenoemde (die kleurvraagstuk) moontlik wees omdat die Engelssprekende met die Afrikaner saamstem, maar nie saamveg nie, uit vrees dat hy kleurlingstemme vir die Britse konneksie sal verloor."**

**Groter as ooit is die taak van die Ossewabrandwag vandag om die volk te lei tot die verwesenliking van die ideale, onder andere ook vervat in die H.N.P. se program van beginsels, nou dat dr. Malan die enigste pad daarheen vir homself toegemaak het met sy „moedige" aankondiging dat Suid-Afrika die Britse konneksie voortaan wil handhaaf en „homself (wil) beskou as lid van 'n nouer kring van sustervolke met gemeenskaplike belange."**

# Afrikaner Vertel Verhaal Van Ontsettende Lyding In Duitsland

**Die verskrikkinge van van die oorlog in Duitsland en die onpeilbare leed wat daarmee gepaard gegaan het toe gesinne in die laaste weke uit mekaar geskeur is sonder enige hoop op 'n weersiens, word beskryf in 'n boek wat so pas verskyn het van die hand van 'n Afrikaner wat aan die Zeesen-omroep verbonde was. Die boek, „By die Sterfbed van 'n Nasie" deur M. J. Pienaar, is die eerste wat deur die Vlam-biblioteek uitgegee word, en is teen 9s. 6d. vir nie-intekenare en 7s. 6d. vir intekenare op die biblioteek-skema verkrygbaar van Posbus 1230, Pretoria.**

Die skrywer gee in die eerste hoofstukke persoonlike indrukke weer van die Hitler-bewind en in die laaste deel gee hy 'n beskrywing van sy eie lotgevalle en dié van sy gesin. Wat die eerste deel betref praat hy as 'n gewone persoon wat tussen die volk beweeg het en ook as een wat binne sekere perke in aanraking was met die regering. Dit is dus nie diepgaande beskouings oor die toestande in Duitsland onder Hitler nie, maar persoonlike waarnemings. Dit maak die boek in sekere sin belangrik, veral daar die skrywer baie eerlik en uitgesproke in sy mededelings is. **Veral interessant in die verband is sy opmerking dat dit nie „Hitlerisme" was wat die wêreld so aanstoot van geneem het nie, maar eintlik „Himmlerisme" — Himmler was inderdaad deur die hele Duitse volk gehaat.** Hy spreek dan ook die mening uit dat indien dit nie vir die oorlog was nie, Himmler uiteindelik ere-ontslag sou gekry het van Hitler.

### LUGOORLOG

'n Mens kry enigsins 'n idee van die ontsetting wat die lugoorlog met hom meegebring het — die uitgesoekte wapen van Engeland. Duisende mense — lewendiges en dooies — is eenvoudig saam begrawe in die skuilkelders en daar so gelaat omdat geen arbeid bestee kon word aan die opgrawing van bouvalle nie.

„In die begin is alle kelders wat toegestort het binne twee of drie dae oopgegrawe. Later toe die aanvalle kwaaier geword het en meer dikwels gekom het, is 'n betreklik geringe persentasie oopgegrawe. Al die duisende en tienduisende wat daar vir dae en weke gesit en hoop het en later van honger of gebrek aan lug beswyk het, sal seker nooit meer getel kan word nie. **In so menige stad is 'n paar strate eenvoudig toegemessel, sodat niemand daar kon deurkom nie. Dit beteken dat die dooies daar — en die ongelukkige lewendes onder die dooies — aan hul eie lot oorgelaat is.** As alle kelders wat veral teen die einde van die oorlog toegestort het, oopgegrawe moes word, sou alle fabrieke en alle ander werke in Duitsland seker moes stilstaan."

### VUUR UIT DIE LUG

Maar die gruwelikste van alles was die brandbomme wat die Britte en Amerikaners by die menigte op die burgerlike bevolking afgegooi het sodat tienduisende mense in 'n paar oomblikke tot houtskool verbrand het. „Dit het eenvoudig vuur en bomme gereën; veral toe die fosfor gekom het. Dit was ook tevergeefs om te probeer om 'n fosforbrand te blus. Die afgryslikste vorm het hierdie fosforaanvalle in Hamburg aangeneem. **Volgens bewering is hier eers steenkoolpoeier oor die stad afgegooi en toe die fosfor wat dadelik in die lug aan die brand geslaan het. Die lug het letterlik gebrand. Mense wat uit die brandende huise gestorm het, of uit die bunkers en skuilkelders omdat dit daarbinne te warm geword het, het eenvoudig lewendig op straat verbrand. Ek weet van 'n geval waar meer as tweeduisend mense in 'n klein bunkertjie wat tussen 'n digte kol huise gestaan het, sonder uitsondering dood is, omdat die hitte van buite te groot was. Soos in 'n bakoond is hulle doodgebak.** Na so 'n aanval het daar op die straat duisende en duisende half-verkoolde lyke gelê—totaal onherkenbaar. Vir 'n paar nagte is hierdie aanvalle op die stad herhaal. . . . .

### NET EEN KIND

Uit die aard van die saak kan 'n moeder nooit meer as een kind red nie — daarvoor was die vlamme te erg en die wind wat met die vure gepaard gaan, te sterk. Sy vlug met haar suigeling in die arms en moet die ander kinders net so skreeuende in die vlamme laat agterbly. Ver buite die stad is die vlugtende voetgangers in die nag opgevang en met motorbusse en treine verder vervoer — weg van Hamburg en weg van die plek waar die moeder haar kinders vir die laaste keer gesien het. **Of hulle verbrand het en of hulle in die gedrang net van haar afgeraak het, weet sy nie — weet sy miskien vandag nog nie.** Duisende kinders het van hul moeders afgeraak en is in haas in verskillende rigtings weggevoer. Besonder moeilik was dit met kinders wat nog nie die naam van hul ouers geweet het nie."

(vervolg op bl. 3, kol. 3)

# VIERDE OPROEP VIR UITLIGTING UIT PARTY-ARENA

**'n Versoek dat die hele parlement verantwoordelikheid moet aanvaar vir die Huurwetsontwerp en dat dit nie as 'n partymaatreël beskou moet word nie, is aan volksraadslede gerig deur die Minister van Volkswelsyn, dr. A. J. Stals, toe hy die wetsontwerp ingedien het. Dit het ten doel om die behuisingsvraagstuk te vergemaklik.**

**Dit is die vierde voorstel wat hierdie sitting deur 'n minister van die kabinet gedoen word om 'n vraagstuk uit die arena van die partypolitiek te lig.** Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, het die voortou geneem toe hy versoek het dat die naturellevraagstuk uit die party-arena gelig moet word — sonder welslae. Die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, het daarna gevolg deur te vra dat die bestryding van die Kommunisme nie as 'n partysaak beskou moet word nie. Daarna het dieselfde Minister die drankvraagstuk probeer uitlig. Die vierde erkenning van die magteloosheid van die partystelsel kom nou van die Minister van Volkswelsyn.

### MAGTELOOS

**As die partypolitieke stelsel, waarin daar OOR vraagstukke getwis word en nie MET hulle nie, dan so magteloos is dat dit eers tydelik opgeskort moet word voordat iets belangriks aangepak word, waarom dit dan nie geheel en al in die ban doen sodat alle vraagstukke, groot en klein, buite die partypolitiek beredder kan word nie?**

Hierdie erkennings van Kabinetsministers staaf andermaal hoe reg die Ossewabrandwag is as hy pleit vir die vervanging van die huidige partystelsel deur 'n volkstelsel. En hoe moeiliker sake vir die regering word, hoe meer sal hy beroepe moet doen dat vraagstukke buite die partypolitiek opgelos word. Maar binne die parlementêre stelsel sal sulke beroepe nooit meer wees as 'n geroep in die woestyn nie.

**D. K. B.**

**GROOTHANDELAARS Bpk.**

(voorheen: Die Kopersbond Bpk.)

*Nuwe Adres:*

**SELKIRKSTRAAT 23 — 25, KAAPSTAD.**

(teenoor Kaapstadse Munisipale Mark, langsaan Sir Lowry-weg)

# C.N.O. NOU NUWE SPEELBAL VAN PARTYPOLITIEK

**Die beginsel van Christelike Nasionale Onderwys soos gepropageer deur die Instituut vir C.N.O. van die F.A.K. wat vir die eerste keer tydens die provinsiale verkiesing die prooi van die partypolitieke getwis geword het toe die V.P. dit een van hul vernaamste skywe gemaak het, is die afgelope week nog dieper in die partypolitieke moeras ingesleep toe die begrotingspos onderwys in die volksraad ter sprake gekom het.**

Vir dae aaneen was die volksraad die afgelope tyd 'n toneel van verveeldheid toe poste soos landbou en gesondheid bespreek is. Die afgelope week was egter een van die hoogtepunte van die politieke getwis toe die onderwyspos van dr. Stals bespreek is. Die V.P. het by uitnemendheid van sy kans gebruik gemaak om die C.N.O.-beginsel aan te val omdat dit een van die handige verskilpunte tussen die opposisie en regering is, en daarom uitgebuit moet word om aan „die volk daar buite" te toon watter vegvermoë die opposisie het, want (om die woorde van Die Burger te gebruik) „die Parlement bied die vernaamste verhoog waar die politieke partye hul beleid en koers aan die land kan openbaar . . . . Hulle word dus deur die kiesers tot groot hoogte geoordeel aan die prestasies en mislukkings wat hulle in die loop van hul parlementêre werksaamhede behaal". En van hierdie parlementêre propagandaverhoog het die Verenigde Party deeglik gebruik gemaak.

**AFRIKAANSSPREKENDES**

En eienaardig genoeg dit was nie die Engelssprekende V.P.-lede wat die C.N.O.-beginsel so aangeval het nie, maar juis die enkele Afrikaanssprekende lede in die party!

Dat hierdie tradisionele beginsel in die onderwysbeleid van die Afrikaner nou die prooi geword het van 'n politieke getwis, sal nie sonder betekenis vir die toekoms wees nie. In plaas van dat die verskil van mening wat daar oor die beleid mag bestaan, beperk gebly het tot individue, is die stryd nou gekoppel aan twee politieke partye en mense binne die V.P. wat ten gunste is van die C.N.O.-beleid, sal nou geen ander keuse hê as om dit teen te staan nie. Hulle moet immers die amptelike houding van hulle party verdedig.

**WIP-WIP**

Onder die voorstanders van C.N.O. is daar op die oomblik nog nie eenstemmigheid oor die besonderhede soos deur die Instituut gepropageer nie, maar daar bestaan geen verskil oor die strekking daarvan nie. Waar C.N.O. in die verlede egter met individue te kampe gehad het, sal hy nou die teenkanting van 'n georganiseerde politieke party geniet. Vir hierdie doel het die V.P. ook al 'n aksiekomitee in die lewe geroep.

**Dit sal dus nou onder een party toegepas kan word en deur die ander weer afgeskaf word, soos dit gewoonlik gaan met die parlementêre wip-wipspelery.**

---

**Daar bestaan 'n onversadigde vraag na boulenings in die Unie, en die afgelope 12 maande is 35,000 nuwe lenings ter waarde van £59,000,000 toegestaan.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### „As Die Engelse My Prys"

**Mnr. J. H. Ras, Heidelberg, Tvl., skryf:**

Tydens 'n kongres te Pretoria aan die einde van 1939 het dr. Malan in 'n toespraak die volgende gesê:

„Solank die Engelse pers my aanval is dit vir my 'n bewys dat ek nog op die regte pad is, maar sodra hulle my sou prys dan sal dit vir my 'n teken wees om versigtig te wees." Ons het hom daarvoor toegejuig.

Maar ons het weer aan hierdie woorde gedink toe die Engelse pers vol lof was vir dr. Malan se „wysheid" na aanleiding van sy toespraak in die parlement oor die „Van der Walt-verklaring", „O.B.-rampokkery", „geheime binnekringe" en latere aanvalle gemik teen die O.B. (En eienaardig genoeg, hierdie soort lof het hom steeds te beurt geval eers na verbreking van sy vriendskap met die O.B.).

Die klimaks van hierdie lofuitinge is waarskynlik nou bereik by die Londense Konferensie, waar swaar gewerk en diep gedink is vir die instandhouding van die verbrokkelende Statebond — waar dr. Malan nou uit dieselfde mond spreek as o.a. die groot imperialis Churchill!

Die Britse pers juig, maar elke republikein voel koud om die hart, want ons onthou dr. Malan se selfopgelegde maatstaf in dié verband, veral omdat hy dit blykbaar self vergeet het!

### Weichardt en O.B.

**Mnr. D. P. Ackermann, Miltonweg, Goodwood, skryf:**

Ek lees in Die Burger dat mnr. Weichardt in sy Brakpanse toespraak homself bereidwillig verklaar het om sy party te ontbind om sodoende die H.N.P. te help om vir Blank Suid-Afrika te stry.

Mnr. Weichardt sou seker nie vandag tot hierdie stap oorgegaan het as dit nie was dat sy party in die woestyn ronddwaal nie. Maar mnr. Weichardt wil seker vir oulaas nog vir homself 'n bietjie roem verwerf deur sy halfslyt-baadjie vir die Gesuiwerdes te leen. Hierdie party laat my dink aan 'n akkedisstert — hy krul en spartel woes maar hy is onskadelik.

As mnr. Weichardt homself moet afvra: „Wie het my akkedis se stert afgetrap?" dan is daar net een antwoord — dieselfde aasvoëls wat so gehunker het na die dood van die O.B., dieselfde mense het hierdie akkedissie al lankal dood geskinder.

Mnr. Weichardt praat van vyande van die Afrikanerdom wat gebruik maak van die O.B.-blaadjie om daaruit 'n argument op tou te sit. Wel ek kan mnr. Weichardt die versekering gee dat die O.B.-blaadjie nie ruimte het vir twak nie, behalwe vir tabak-advertensies. En die persoon wat vir hom 'n argument hieruit put se oë sal self later oopgaan.

Maar ons besef wat mnr. Weichardt se moeilikheid is. Die O.B. is egter van harder staal gemaak en ons het derhalwe nie so gou die saak gewonne gegee nie. Ek sal nie graag in mnr. Weichardt se pad wil staan as hy en mnr. Nossel wil saamwerk om Blank S.A. te red nie. Ons in die O.B. is almal Afrikaners en is derhalwe ook blank. Ons kap 'n pad skoon waarlangs ons wat blank is kan loop. As ons dit nie doen nie sal ons verdwaal in die wildernis van die oordemokratiese

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

stelsel van die Britte wat vir ons nou opnuut verseker is. In hierdie wildernis is elke Afrikaner voëlvry en ek vrees dit kan 'n groter gedrog oplewer as die blank- en nie-blank-storie. Ek wens mnr. Weichardt alle sukses met sy terugtog. Maar ek hou daarvan om gedissiplineerd te wees; as ek my nou weer moet verneder om by die H.N.P. aan te sluit sal ek eers alle selfrespek in die lewe moet verloor.

## Rebel Herbegrawe

Die herbegrafnis van die stoflike oorskot van wyle veldk. Jan Hendrik Coetsee, 'n Kaapse rebel uit die Tweede Vryheidsoorlog, oorspronklik van die plaas Nooitgedacht, Knapdaar, het Sondagmiddag, 17 April, onder blyke van groot belangstelling vanuit die Gereformeerde Kerk, Burgersdorp, plaasgevind.

Die oorskot het vir 48 jaar in 'n eensame en verlate graf op die plaas Bulthoek, Reitz, gerus. Die soektog na die graf duur al sedert 1942 en is op 9 Maart 1949 deur die vyf broers wat dit hul taak gemaak het, in 'n mielieland aangetref.

Voordat ds. A. L. Aucamp die rede in die kerk gehou het, het die orrel die Vrystaatse Volkslied gespeel terwyl almal eerbiedig opgestaan het.

Dit was aandoenlike oomblikke toe die kis, bedek met die Transvaalse Vierkleur, afsak in die graf naas dié van sy eggenote. Die vyf seuns, Fanie, Hennie, Piet, Andries en Attie het opgetree as draers.

—(Ingestuur).

K94



*ná die* ***BOULSPEL . .***

Laat K.W.V.-Eau de Cologne gou weer vir u die kalme gelatenheid skep wat persoonlike frisheid meebring. En om u te streel en met 'n fyn geurigheid te omring — K.W.V.-laventel.

**KWV**

***Eau de Cologne*** EN ***Laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.

**Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**



**WEES BESKERM!**

*INBRAAK-Assuransie by—*

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

BESTEL ALTYD ALLE

- KANTOORBENODIGDHEDE
- KANTOORMEUBELS
- SKRYFBEHOEFTES

BY

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD




**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

*Rembrandt*

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook."*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pgt. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld **na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

**GEBOORTE**

Aan mnr. en mev. Cilliers (geb. Katy le Roux) 'n lief dogtertjie op 29 April te Morgenzon, Swellendam.
11/5/1B.

**TE KOOP**

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3-. — **Zeeman,** Robertson. TK/30/3

Pragtige moderne nuwe siersteen huis in beste deel van Pretoria. Groot erf. Eetkamer, sitkamer, 3 slaapkamers, portaal, kombuis met elektriese- en kool-stoof. Warm en koue water, ingeboude kaste. Buitegeboue. Doen navraag by: **F. van Niekerk, p/a. 26 Laan 556, Villieria, Pretoria.**
11/5/1.

**BOERMEEL**

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.
T.K.

**BOME, PLANTE EN SAAD**

**Vars goewerments gesertifiseerde groentesaad:** Chantenay wortels, 6/6; Detroit beet, 5/6; Egiptiese plat beet, 7/6; Greenfeast saaderte, 1/- lb., £6/10/- 200 lb. sak; Copper King (laat harde uiesoort), 10/- lb.; Vroeë Kaapse plat, 9/-. Handelsnavrae verwelkom.— **Kango Saadkwekers,** Posbus 107 **Oudtshoorn.** 16/3/TK

**GESERTIFISEERDE GROENTESAAD**

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

**MEDISYNE**

**GRYSHAARWONDER** laat u jonk lyk. Hou u hare fris, gesond, natuurlik en vry van skilfers. Geen kleurstof. Gewaarborg of geld terug. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg.
(Nr. 2) 2/3/TK

**MEUBELS**

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant. 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**SOUT**

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

**GEVRA**

**LIGTE MOLWAENTJIE** op motorbande geskik vir twee perde. Besonderhede en prys gelewer naaste spoorwegstasie aan: **C. D. Gerneke,** Helena, P.S. Keervlei, Vryburg. 11/5/2B.

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

**RADIOTRONICS**
(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

# Kommuniste Selfs Binne Christelike Organisasie In Amerika

**Dat die Kommuniste daarin geslaag het om hul doelwit selfs deur middel van Christelike instellings te propageer sonder dat dit vir die gewone persoon in die ooglopend is, is onlangs in Amerika vasgestel toe dit aan die lig gekom het dat die Y.W.C.A. (Christelike organisasie vir jong meisies) van Amerika deur die Kommuniste ingespan word.**

In 'n boek „Behind the Lace Curtains of the Y.W.C.A." wat uitgegee is deur die Constitutional Educational League of New York, word die Kommunistiese indringing in hierdie organisasie aan die kaak gestel. Die boek is geskryf deur Joseph P. Kamp wat bekend staan as 'n openlike bevegter van die Kommunisme.

In die boek verklaar hy o.m.: **„Sowel knaphandige as naakte Kommunistiese propaganda kan gevind word in die brosjures, pamflette, gesangboeke, gebedeboeke, tydskrifte en nuusbriewe van die Y.W.C.A. waarin die werke van Kommunistiese skrywers aanbeveel en geadverteer word. Verder word groepleiers en studente voortdurend vir verdere studie verwys na buitelandse bronne — waarvan die meeste Linksgesind, pro-Kommunisties of openlike Kommunisties is.**

**IN EEN JAAR**

„Gedurende een jaar het ‚The Woman's Press,' amptelike orgaan van die Y.W.C.A., 32 artikels van skrywers gepubliseer wie se lêers oor heulery met die Kommuniste in die hande van die regering van die V.S.A. is. Een Y.W.C.A.-brosjure beveel die werke van 40 skrywers aan wie se dossiers, na amptelike ondersoek in Washington, 'n totaal van 320 aanhalings bevat oor hul Kommunistiese verbindings."

**Die brosjure verklaar dat die Y.W.C.A. in Amerika 'n geslag vroue gekweek het wat toegewy is aan 'n taak — nie Christelike ideale nie — maar toegewy aan 'n nuwe sosiale orde gebou op die bitter, on-Christelike haat van die Marxistiese klassestryd.**

**SELFS STIGTERS**

„Y.W.C.A.-leiers het vrywillige diens gelewer in die geledere van die Kommunistiese beweging. Hulle het gehelp om nasionale en internasionale Kommunistiese organisasies in die lewe te roep. Een rooi jeugbeweging met ‚Y'- en ‚Y'-opgeleide leiers in bevel, is 'n uitbreiding van die Kominform en die Sowjet-inligtingsdiens, volgens mededelings van die staatsdepartement van die Verenigde State."

Die brosjure erken dat die vroue-beweging baie werk doen wat ver verwyder staan van die Kommuniste, maar verklaar dat hierdie feite nie ontken kan word nie.

'n Man soos Henry Wallace, wat bekend staan vir sy pro-Russiese neigings, het onlangs sy seën oor die Y.W.C.A. uitgespreek. Die beweging maak daarop spraak dat hy 3,000,000 vroue-lede het.

## VLIEGTUIE VIR DIE UNIE

Ten einde die Suid-Afrikaanse Lugmag op te knap het die Suid-Afrikaanse Spoorweë vier nuwe Constellation-vliegtuie in Amerika bestel. Hulle sal teen April 1950 afgelewer word. Die vliegtuie weeg elk 107,000 pond. Hulle het 'n besondere goeie reputasie en is veral geskik vir langafstandvlugte.

# Moet Republikeine Nou Op Plek Sit: Versoek Aan Malan

**In sy hoofartikel by geleentheid van die terugkoms van dr. Malan verlede Vrydag, het die Cape Times 'n beroep op dr. Malan gedoen om, nou dat hy vriende gemaak het met die eerste ministers van die Statebond oorsee en self besluit het dat dit goed is om binne die Empire te bly, die republikeine in die Unie op hul plek te sit.**

Die artikel lui:

„Alle berigte oor die onlangse konferensie van eerste ministers toon dat ons Eerste Minister 'n besondere waardevolle aandeel in die besprekings geneem het, en dit is opvallend dat hy hartlike verhoudings met die ander eerste ministers van die Statebond gesmee het. Die konferensie het geëindig met 'n historiese verklaring, waarin behels is dat dit moontlik is vir 'n lid van die Statebond om homself 'n republiek te noem sonder om die voorregte van lidmaatskap te verloor. **Dr. Malan het self op meer as een geleentheid sedertdien verklaar dat die Unie 'n lid van die Statebond sal bly; dat hy inderdaad heeltemal tevrede is met sy status.**

**„EKSTREMISTE"**

„Nou dat dit besluit is, hoop ons dat dr. Malan in staat sal wees om sy meer ekstremistiese volgelinge te oorreed dat daar meer in lidmaatskap van die Statebond steek as wat hulle dink, en dat dit dom, sowel as aanstootlik vir baie van hul medeburgers is om hul onophoudelike getokkel oor die nodigheid om ons land in 'n republiek te verander, voort te sit."

Die blad vervolg: „Vir die ou republikeine (die wat die gedagtenis aan die twee Republieke en presidente vereer) het die meeste Engelssprekende Afrikaners 'n diepe respek — en vertroue. **Hulle is nie heeltemal so gelukkig ten opsigte van die nuwe republikeine wat ons hoop dr. Malan in staat sal wees om in toom te hou."**

# Britse Minister Skok Rhodesiërs

**Die verklaring van die Britse minister van koloniale sake, A. Creech Jones, tydens sy onlangse besoek aan Noord-Rhodesië dat die „permanente blanke nedersetting in Noord-Rhodesië beperk moet word" ten einde reg te laat geskied aan die beloftes wat die Britse regering aan die naturelle gemaak het ten opsigte van hul eie ontwikkeling, het 'n vlaag van verontwaarding oor die hele gebied laat posvat.**

Een van die vooraanstaande leiers van die gebied, mnr. R. Welensky, het verklaar dat die verklaring van die koloniale sekretaris nie aanneemlik is nie, en as die Britse regering van plan is om die plan uit te voer, sal hy troepe nodig hê om dit te doen. „As mnr. Jones besluit om met die beleid voort te gaan sal ek nie wag om die hulp van die mense in Suid-Rhodesië en Suid-Afrika in te roep nie", het hy gesê. Steun sal ook gesoek word by Kenia en die blankes in Sentraal-Afrika.

**BRITSE RYK**

**Die verteenwoordiger van Lusaka, E. W. Sergeant, het verklaar dat 'n paar meer figure soos Jones die einde van die Britse Ryk sal beteken.**

Voor sy terugkeer na Brittanje, toe hy van die storm verneem het wat hy met sy toespraak ontketen het, het die koloniale sekretaris verduidelik dat hy dit nie so erg bedoel het nie. Hy het beloof om later 'n verklaring in die Britse parlement te doen.

Die toespraak van hierdie Brit wat Noord-Rhodesië uit Londen regeer, herinner baie sterk aan die optrede van die koloniale ministers en Britse goewerneurs tydens die Britse besetting aan die Kaap wat uiteindelik oorsaak was van die Groot Trek.

## UIT DIE NUUS VAN DIE WEEK

**Dit is** ydele hoop dat die besluit om die Hugenote-Universiteitskollege op Wellington te sluit, in hersiening geneem kan word, het die Minister van Onderwys, dr. A. J. Stals, in die parlement verklaar. Die inrigting voldoen nie meer aan die vereistes waarvoor hy in die lewe geroep is nie.

* * *

**Die** moontlikheid dat die Krugerhuis in Switserland, waar die Staatspresident oorlede is, 'n volksmonument sal word, is tans sterker na die onlangse besoek van die Unie se Eerste Minister aan die huis. Hy het die hoop uitgespreek dat die sterfhuis deur die regering gekoop sal word.

* * *

**Voorbereidende stappe** vir die afbakening in Suidwes met die oog op die verkiesing wat daar moet plaasvind, het tans begin.

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..............................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..............................
**(Naam en Adres in Blokletters)**

POSADRES: ..............................
..............................
..............................

..............................
***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
***Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.***

# STAATSIDEE—

(Vervolg van bladsy 7 kolom 5)

**SOOS ONS TAAL**

Nadat hy die stelsel van Volkspolitiek — die stelsel van Paul Kruger wat deur die O.B. gepropageer word — verduidelik het, het kapt. Botha tot die volgende bemoedigende slotsom gekom:

**Soos die Afrikaanse taal deur stryd en teëkanting heengegroei het tot 'n volksgebruik wat tans algemeen erken en aanvaar word — selfs deur hulle wat dit misken en beveg het, so sal ook die staatkundige idee van die Afrikaner nie anders kan as om te seëvier nie.**

Net soos sy taal, het die Afrikaner sy staatkundige beskouing nie van elders geleen nie. **Dit het sy oorsprong in die volk self — dit wortel in die bodem van 'n eie land van oorsprong en moet derhalwe as oorwinnaar uit die stryd kom.** Net soos die Afrikaanse taal wat deur teëkanting getemper, so sterk gegroei het dat dit vandag 'n tuiste bied vir almal wat siek en sat is van uitheemse aangroeisels.

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 11 MEI 1949

# Geskiedenis Van Plekname

## Die Engelse Periode

**(Vorige dele het in VUURSLAG verskyn)**

**Ons het reeds gesien hoedat die ou inboorlingstamme, die Portugese en die Hollanders, verantwoordelik was vir die benoeming van so baie plekke in ons land, en ook daarop gewys dat plekke soms van naam verander het.**

Nadat die Kaap oorgegaan het in die hande van Engeland, het hul mettertyd baie plekke herdoop — so kry ons vandag dus heelwat plekke, veral in die Boland, wat Engelse name het maar wat vroeër Hollandse name gehad het waarby hul soms ook nog bekend is, bv. **Wellington** (Wagenmakersvallei), **Malmesbury** (Swartland), **Woodstock** (Papendorp), **Mowbray** (De Drie Koppen), **Durbanville** (Pampoenkraal), **Clanwilliam** (Jan Dissels), **Caledon** (Zwarteberg), e.a.

Die name wat die Engelse gegee het, herdenk meestal persone: adelikes, Kaapse goewerneurs, staatsmanne, en offisiere.

### ALLES VERBRITS

Zwarteberg was een van die eerste plekkies wat in 1813 herdoop is tot **Caledon.** Goewerneur Caledon se naam is ook gegee aan die sy-tak van die Oranjerivier, deur 'n sekere kolonel Collins. Collins het 'n ander sytak gedoop tot **Greyrivier** na die kommandeur van die troepe aan die Kaap, maar in die volksmond is dit spoedig verdraai tot **Kraairivier** (distrik Aliwal-Noord).

**Cradock** herdenk vandag Goewerneur John Cradock, en **Clanwilliam** sy skoonvader. Lord Charles Somerset se naam is gegee aan **Somerset-Wes** en **Somerset-Oos**, en sy broer (die Markies van Worcester) se naam aan **Worcester.** Sy vader was die Duke van Beaufort, en so het ook **Beaufort-Wes** en **Fort Beaufort** hulle name gekry.

**Port Elizabeth** is genoem na die vrou van Sir Rufane Donkin wat vir 'n tyd agerende goewerneur aan die Kaap was. Die plekkie was maar baie onbelangrik voor die koms van die 1820-setlaars, maar die goewerneur het die setlaars aangemoedig om daar te bou sodat dit in 'n hawe kon ontwikkel. Sy vrou is toe pas tevore in Indië oorlede, en behalwe die benoeming van die dorp, het hy ook 'n monument daar opgerig tot haar nagedagtenis.

**Sir Lowry'spas** is in 1830 geopen en genoem na die persoon wat hom baie beywer het vir die konstruksie daarvan, sir Lowry Cole. In 1829 is die Goewerneur ook versoek om 'n berg wat tot dusver bekend was as Toornberg, Tooverberg, of Torenberg te hernoem tot **Colesberg** ter gedagtenis aan sy besoek aan daardie deel van die Kolonie. Dit is dan ook gedoen. **Malmesbury** is weer genoem na sy skoonvader.

### EERSTE AFRIKANER

**Bredasdorp** (genoem na Michiel van Breda, 'n lid van die Wetgewende Raad), en **Napier** (genoem na Sir George Napier) is later van Swellendam afgestig. **Bredasdorp is waarskynlik die eerste dorp wat genoem is na 'n Suid-Afrikaansgebore inwoner.** Sir Peregrine Maitland se naam leef voort in die voorstad **Maitland**, maar hy het geweier om die teenswoordige Burgersdorp op versoek na homself te noem.

**Harrismith, Ladysmith,** en **Ladismith** herdenk Sir Harry Smith en sy eggenote, en **Aliwal-Noord** herinner ons aan sy oorwinning van Aliwal in Indië. **Cathcart, Greyton,** en **Darling** is ook na die Goewerneurs Cathcart, George Grey, en Charles Henry Darling genoem.

### BRITSE ADEL

Baie plekke is egter genoem na die Britse adel, bv. **George** na Koning George III, **Victoria-Wes** en **Prins Albert** na Koningin Victoria en haar eggenoot, **King William's Town** en **Adelaide** na Koning Willem IV en sy vrou, en **Port Alfred** na die seun van Koningin Victoria.

Britse Koloniale Sekretarisse is ook dikwels vernoem in die Kolonies, en dis op hierdie manier dat **Bathurst, Carnarvon,** en **Kimberley** hul name gekry het. **Montagu, Michellspas, Williston, Molteno, Merriman, Rawsonville, Gordonia, Upington, Porterville, Riversdale,** e.a. herdenk weer Suid-Afrikaanse staatsmanne.

(Word vervolg)

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
Kaapstad.
11 Mei 1949.

Beste Boerejeugmaats,

Die briewe kom nog maar stadig in en die week het ons net twee vir plasing. Julle oudjies wat niks het om in jul spaartyd te doen nie, kan gerus maar 'n paar reëltjies aan ons skryf. Ons wil graag weet hoe dit met julle gaan en wat jul alles aanvang as Boere-seuns en -dogters. Almal is welkom om hul name in te stuur vir die penmaatlys en die Verjaardagketting. Moenie op jul laat wag nie.

**Veldkt. N. Burger** van Posbus 13, **Kakamas** het sommer 'n vet brief gestuur met 'n berig vir die Boerejeugnuus-kolom. Onder andere het hy ook die name van ses lede gestuur wat in die Verjaardagketting moet verskyn. (Ons sal die name van die lede wat in Februarie verjaar het kan laat verskyn. In 'n vorige uitgawe het ons verduidelik hoe ons al die name, van die begin van die jaar af, gaan plaas totdat ons weer op datum is.—Red.). Veldkt. Burger het voorheen ook al 'n lys met name in gestuur en is van voornemens om binnekort weer van hom te laat hoor. Hier is 'n goeie voorbeeld wat ons van Boerejeuglede verwag!

Uit **Oudtshoorn** het ons 'n brief van **komdt. Hitge** ontvang. Ons het hom op die Bellvillelaer leer ken en was baie bly om weer van hom te hoor. Komdt. Hitge stuur 'n beriggie en beloof om binnekort name vir die Verjaardagketting te stuur. Hulle afdeling is glo baie bedrywig en voel dat die Boerejeug-blad hul nog meer sterk. Komdt. Hitge vertel dat hul baie bly is dat die blaadjie nou weekliks verskyn. (Baie dankie vir die brief Oudtshoorn — dis bemoedigend om sulke nuus van ons lesers te kry.)

Ons wag op jul volgende briewe — stel ons nie te leur nie.

Boerejeug-groete,
Redaksie.

# Verlore Goedere

Ons moet weer onder laergangers se aandag bring dat daar nog byna niks van die goed, waarvan ons in 'n vorige uitgawe melding gemaak het, opgeëis is nie, trouens daar het nog meer goed bygekom. Die goed wat nie binne drie weke na die laertrek opgeëis word nie, sal ongelukkig weggegee moet word, aangesien daar bykans geen plek meer in die pakkamer is nie.

Hier volg nou 'n lys van goed wat nog bygekom het:

1 Broek (Khaki — vermoedelik van 'n Paarlse seun).
1 Beker.
1 Vurk.
1 Mes.
1 Lepel.

# VERJAARDAG-KETTING

**MEI**

4 Rocco Joubert, Hugenoot.
Susanna Volschenk, Frankfort.
5 Olga Frankot, Stellenbosch.
Pieter Siebrits, Franschhoek.
Gert Engelbrecht, Kakamas.
6 Suzanne Hugo, Franschhoek.
7 Daniel Steenkamp, Kenhardt.
Barbara Herholdt, Koffiefontein.
8 Xafier Broodryk, Loxton.
Francois du Toit, Observatory.
9 Jacoba Smit, Matrooster.
10 Mathilda Barnard.

# HULLE HET GEDURENDE FEBRUARIE VERJAAR

Louwrens van der Westhuizen, Loxton.
Anna Lesch, Wellington.
Yvonne Minnaar, Paarl.
Christina de Waal, Paarl.
S. W. van der Merwe, Malmesbury.
Hugo Geldenhuys, Wellington.
Bart Jordaan, S. Paarl.
Hendrina Swanepoel, Wellington.
Willem Theron, Aughrabies, oor Kakamas.
Francina van Rensburg, Laingsburg.
Careen van Niekerk, Wellington.
Pieter Cillier, Wellington.
Paul Roux, S. Paarl.
Yvonne Nel, Paarl.
Andries Lesch, Wellington.
Hennie Geldenhuys, Franschhoek.
Helena Malan, Hugenoot.
Martie Nieuwoudt, Stellenbosch.
Helena Smit, Beaufort-Wes.
Lotz Nieuwoudt, Stellenbosch.
Carolina Annandale, Robertson.
Aletta du Toit, N. Paarl.
Tilda Roux, Franschhoek.
Marie van der Westhuizen, Paarl.
Christiaan Liebenberg, Upington.
Joeleen Swanepoel, Wellington.
Alida van der Westhuizen, Kakamas Oos.
Johan Boshoff, Calitzdorp.
Johan Louw, S. Paarl.
Elizabeth Cilliers, Paarl.
Elsa Slabbert, Paarl.
Jenny Basson, Stellenbosch.
Maritha Smit, Rugby.
Anna-Rina van der Westhuizen, Paarl.
Pieter Koekemoer, Franschhoek.
Heilie Welthagen, Dist. Rustenburg.
Johanna du Toit, Middelburg Tvl.
Cornelia Jacobs, P.K. Vischgat.
Alida van Wyk, P.K. Boshoek.
Anna Theron, Koster.
Cecilia Coetzee, Bosbokrand.
Martha Roets, Pos Moedwil.
Johanna Potgieter, Pos Bosbokrand.
Hester van Staden, Groot Marico.
Magdalena le Roux, Frankfort.
Lukas Fourie, P.K. Luckhoff.
Gemeni Avia Muller, Bultfontein.
Pierre Oliver, Frankfort.
Stoffelnina Snyman, Koffiefontein.
Marie van der Westhuizen, Paarl.
Elsa Slabbert, Paarl.
Helena Malan, Hugenoot.

# STAATSIDEE VAN AFRIKANER SAL SEËVIER

**Netsoos die Afrikaanse taal onder die grootste teenkanting tot sy reg op eie bodem gekom het, net so sal die staatkundige idee van die Afrikaner wat deur verowering deur 'n vreemde stelsel vervang is, uiteindelik tot sy reg kom ten spyte van die bittere teenstand vandag, het die Wag-offisier, kapt. Ben Botha, van die Stellenboschse O.B.-wag, in 'n lesing oor volkspolitiek voorverlede week gesê.**

Na aanleiding van die onlangse Grootraadsbesluit, nl. dat die Wag in inligtingseenhede omskep moet word, het die Stellenboschse kommando-wag op 20 April vergader om 'n begin te maak met hul nuwe taak.

Nadat die Wag-offisier verduidelik het dat daar in die toekoms meer van die wag verwag sal word as om net die formaliteite tydens laertrekke en vergaderings waar te neem, is tot die behandeling van die onderwerp vir die aand oorgegaan.

Die bespreking was oor die beleidspunt van die Ossewabrandwag: „Volkspolitiek in plaas van partypolitiek" soos geformuleer in die beleidsformulering van die Groot Raad, November 1943.

Kapt. Botha het daarop gewys dat die O.B.-gedagte so kern gesond en so eg Afrikaans is, dat dit nie anders kan as om inslag te vind by elke Afrikaner wat dit onbevange verneem nie. Die mense moet net eers agterkom dat die O.B. nie waarlik sulke gedrogtelike wesens is as wat baie meen nie.

### DIE VERSKIL

Met betrekking tot die beleidspunt onder bespreking, het die offisier begin om aan te toon wat onder volkspolitiek en partypolitiek onderskeidelik verstaan word.

Hy het aangetoon hoe die partystelsel in 1874 in die Kolonie ingevoer is en toe in 1906—1907 in die Noordelike Provinsies in swang gekom het, na die verowering van die Boere-republieke in 1902. Min of meer 'n proses op dieselfde patroon as die huidige Angliseringsproses wat op die Duitse volk afgedwing word — na die verowering van 1945.

Daar is ook nie 'n persoon wat met die geskiedenis bekend is en bereid is om vir homself te dink, wat sal ontken dat die partypolitieke stelsel hier by ons net so uitheems is as 'n Suid-Afrikaanse renoster in 'n Londense dieretuin nie.

### VOLKSPOLITIEK

Na hy op die praktiese besware teen die stelsel gewys het, het die spreker die Volkspolitiek as teenvoeter vir die partypolitiek behandel.

Die O.B. veroordeel nie die partypolitiek sonder om iets positiefs in die plek daarvan voor te stel nie. **En wat hy voorstel, is eie aan die volk soos wat sy taal aan die Afrikaanse volk eie is. 'n Stelsel wat deur die volk self geskep en met die grootste sukses in die praktyk toegepas is — die regeringstelsel van die republieke benoorde die Oranje en die Vaal, voordat die vreemde stelsel op hulle afgedwing was.**

(vervolg op bl. 6, kol. 4)

# BOEREJEUG-NUUS

**OUDTSHOORN: Die Boerejeug-kommando van Oudtshoorn is nou weer baie aktief. In elke Veldkornetskap is 'n werkkring in die lewe geroep wat elke tweede Woensdagmiddag bymekaarkom vir naaldwerk, tuisverpleging en huishoudkunde-demonstrasies. Daar word gehoop om binnekort 'n tentoonstelling te kan hou.**

Die dorp is in drie Veldkornetskappe verdeel en elke Vrydagaand word daar 'n speletjiesaand deur die Offisiere van 'n afdeling gereël. Die naweek wat dan oop is word gebruik vir gesamentlike uitstappies onder die leiding van komdt. Hitge.

Heelwat seuns het reeds hulle uniforms bestel en die dogters spook ook hard om hulle uniforms te bekom.

Die Boerejeug van Oudtshoorn wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om Oom Freddie Nel, wat £1 10s. tot die „16-Desember-Fonds" bygedra het, te bedank.

—(Ingestuur).

**KAKAMAS:**

Ten spyte van die winderige dag het die Boerejeug van Kakamas op Saterdag, 23 April, 'n baie aangename en gesellige byeenkoms gehad. Ons is deur veldkornet Alwyn Burger met sy bakkie vervoer tot omtrent vyf myl buitekant die dorp. Daar kon ons heerlik lag en ongestoord praktiese dissipline beoefen. Daar is veral klem gelê op vlagparade en seinoefeninge.

Nadat almal lekker moeg was het ons heerlik gesmul aan die lekker boerebeskuit en vrugte wat deur mev. Burger aangebied is.

Ons is omstreeks 3-uur uit die dorp en het eers teen sononder teruggekeer. Elkeen het iets geleer om te onthou en ons sien uit na volgende Saterdag wanneer ons weer bymekaar sal kom.

—(Ingestuur deur Kallie Burger, Kakamas).

**BELLVILLE:**

Op Vrydagaand, 29 April, het die Boerejeug van Bellville 'n geslaagde huisfunksie gehou. Dit was sommer 'n puik dinee en is gehou in die huis van mev. Theron. Baie belangstellendes was teenwoordig en 'n mooi sommetjie is ingesamel vir die „16-Desember-Fonds".

—(Berig deur Dan du Toit).

# Brittanje Hou Hom Aan Sy „Heildronk-Woord'

## Gryse Generaals Wag Nog Op Likwidering

**Dit is hierdie maand presies vier jaar dat die oorlog in Duitsland ten einde geloop het en nog steeds hang die swaard van die dood bokant die koppe van drie gryse Duitse generaals wat soos manne hul vaderland verdedig het ooreenkomstig die voorskrifte an die Volkereg. Hulle is maarskalke Von Rundstedt, Von Manstein en Strauss, wat op die oomblik in Britse gevangeneskap verkeer in afwagting van hul „verhoor". Die moeilikheid is dat Churchill en Roosevelt namens Engeland en Amerika op 'n eetmaal van Stalin onderneem het om saam te werk in die likwidering van Duitse leiers. Stalin het met 'n glas vodka in sy hand voorgestel dat hulle summier doodgeskiet word so vinnig as wat hulle gevang word, „sommer 50,000 van hulle", maar Churchill het teengestribbel dat die Britse volk nie „so 'n massamoord sal duld nie", en gevolglik is die kompromis getref dat daar wel 'n verhoor sal wees sodat — soos 'n Engelse skrywer dit uitdruk — Churchill sy verhoor gekry het en Stalin sy massamoord.** ***(Vergelyk Die O.B., 27 April.)***

**Nou sit Brittanje opgeskeep met die drie ou maarskalke. Blykbaar kan daar niks teen hulle ingebring word wat 'n verhoor regverdig nie, maar aan die ander kant vind Brittanje hom verplig om hulle te likwideer ooreenkomstig sy onderneming teenoor Stalin na die „soveelste heildronk", volgens Elliott Roosevelt se weergawe van die gebeurtenis in Yalta.**

Die Sunday Times se korrespondent berig nou dat die Britse regering in 'n dilema verkeer omdat die Britse openbare mening onrustig begin word oor die langdurige gevangehouding van die grysaards. Hy skryf dat die kabinet besig is om die posisie te oorweeg, en vervolg:

### „ONDER VERPLIGTING"

„Wat die kabinet se standpunt ook al mag wees, Brittanje staan onder verpligting teenoor sy oorlogstydse bondgenote om òf die generaals self te verhoor òf om hulle vir 'n verhoor elders uit te lewer. **Ek verstaan dat Brittanje nie sal terugtaan op sy onderneming wat hy te Yalta en Potsdam gegee het nie.**

„Dit is moontlik dat mediese gesaghebbendes sal beslis dat Von Rundstedt en Strauss te siek is om die beproewing deur te gaan, maar daar bestaan weinig twyfel dat Von Manstein, die jongste en gesondste van die drie, in die beskuldigdebank sal verskyn.

„Kort gelede het Von Rundstedt te kenne gegee dat indien die verhoor nie sonder versuim plaasvind nie, hy en sy kamerade beswaar sal maak teen hul aanhouding sonder formele aanklag."

### V.S.A. SE STANDPUNT

Die korrespondent deel verder mee dat die Britse regering in die afgelope weke met die Amerikaanse regering in verbinding was oor die lot van die gereraals en voorgestel het dat Amerika die verhoor moet waarneem — blybaar meen die Britte dat die Amerikaners die beste ondervinding het om skulderkentenisse af te dwing in folterselle, soos 'n Amerikaanse kommissie van ondersoek onlangs aan die lig gebing het — maar dat Washington geweier het. Laasgenoemde se standpunt skyn te wees: „Jy het die liggame en jy moet met hulle afhandel."

Die korrespondent voeg daaraan toe dat dit bekend is dat die Amerikaanse regering te vinde is vir begenadiging van die generaals. **Die feit dat die Britse regering hom nog gebonde voel teenoor sy oorlogstydse bondgenote" dui dus net op Churchill se woord teenoor Stalin „by die soveelste heildronk op Stalin se eetmaal in Yalta".**

### BETYDS VIR NUWE OORLOG

Belangrik is die feit dat bogenoemde drie generaals geen Nazi's was nie, en dus blykbaar opgehang moet word net omdat hulle hul land verdedig het. **'n Engelse blad het kort gelede verklaar dat de Geallieerdes se grootste moeilikheid op die oomblik is om al die sake teen „oorlogsmisdadigers" betyds af te handel voordat hulle (die Geallieerdes) die volgende oorlog ontketen!**

Die vraagstuk van die likwidering van die drie gryse Duitse maarskalke ooreenkomstig die heildronk-ooreenkoms in Yalta moet dus ook nog in hierdie lig gesien word — Brittanje moet sy woord teenoor Stalin nakom voordat die toestand ingewikkeld raak deur die verskyning van 'n nuwe reeks „oorlogsmisdadigers" in Brittanje of Rusland na gelang die een of die ander as oorwinnaar uitkom.

### BRITSE WOORD

**Ons moet egter beklemtoon dat dit selde of nooit in die geskiedenis gebeur het dat Brittanje sy woord so gestand gedoen het nie. In Suid-Afrika is daar in elk geval geen tekens van nie, getuie die Sandrivier- en Londense Konvensies" — moontlik te wyte aan die afwesigheid van eetmale met 'n dertigtal heildronke.**

Dit in ag geneem wil dit amper voorkom of die onderlinge getrouheid van kroegmaats en „sherry gangs" op 'n gemeenskaplike faktor rus wat die moeite werd mag wees om ondersoek te word. Dronkmanspartye mag dalk 'n heilsame element wees by die sluiting van toekomstige verdrae in belang van die vrede en „Christendom" — of is dit maar net 'n kwessie van gemeenskaplike mentaliteit?

# STALIN KRY SY SIN

**Sedert die berig waarop meegaande artikel betrekking het, verskyn het, is in die Britse hoërhuis deur lord Henderson aangekondig dat die Britse regering besluit het om net veldmaarskalk Von Manstein te „verhoor" aangesien maarskalke Von Rundstedt en Strauss om gesondheidsoorwegings nie geskik geag word om die verhoor te oorleef nie.**

**Die swakke gesondheid na vier jaar se opsluiting het die Britte ten opsigte van twee slagoffers gered uit hul dilemma om beskuldigings vir 'n verhoor saam te flans in 'n poging om hul woord teenoor Stalin na te kom. In die geval van die derde word die woord by gebrek aan genoegsame liggaamlike aftakeling nog nagekom. Stalin sal die twee ou siek generaals in elk geval ook nie meer as gevaarlike teenstanders beskou nie. Sover dit hom betref het hulle die weg opgegaan wat miljoene teenstanders in Rusland gevolg het — ondergang in gevangeniskampe.**

# RUSSE KAPITULEER IN BERLYN

**Die opheffing van die Berlynse blokkade aan die end van die week, soos aangekondig nadat die vier groot moondhede die afgelope week beraadslaag het, is vir die Weste 'n besliste oorwinning en vir die Russe 'n gevoelige neerlaag omdat hulle bereidwilligheid om die blokkade op te hef, 'n erkenning is dat dit nie aan sy doel beantwoord het nie. Watter streek die Russe nou in die Weste sal uithaal, is nog nie te voorsien nie.**

Agter die bereidwilligheid van die Russe om tou op te gooi in Berlyn, sit waarskynlik die besef dat die blokkade hulle in onguns by die Duitsers gebring het en die Amerikaners en Britte se prestige geweldig laat styg het deur hul lugbrug waardeur miljoene Duitsers aan die gang gehou is. Daarby kom ook die feit dat die Westerse teenblokkade die Russe se ekonomie ernstig benadeel het. Die moontlikheid bestaan ook dat die Russe meer inskiklik ten opsigte van die Weste geword het nou dat hulle groter vastrapplek kry in die Ooste, veral Sjina.

Hoewel die Weste met 'n oorwinning kan spog, bestaan daar vir hulle genoeg rede om onrustig te wees en die byeenkoms van die vier ministers van buitelandse sake op 23 Mei word met spanning deur politieke waarnemers afgewag omdat daar tans net gegis kan word oor Rusland se houding in die toekoms.

# A.P.-Vergadering Te Ysterplaat

Die Ysterplaatse tak van die Afrikanerparty tel al meer as 90 lede, na mev. M. van Rooyen, voorsitster, Die O.B. meedeel.

'n Vergadering van die tak vind Dinsdag, 17 Mei, plaas ten huise van mnr. T. van der Spuy, Kingsweg, Ysterplaat. Dit sal toegespreek word deur mnr. Harm Oost, L.V. en voorsitter van die dagbestuur van die party, en mnr. W. R. Laubscher, Kaaplandse sekretaris.

# Republiek Was Net Propaganda Sê Pirow

**„Vir ons wat die H.N.P. se republikeinse gedoente altyd maar as partypolitieke propaganda beskou het, is hulle frontverandering geen verassing nie", skryf adv. Oswald Pirow in sy weeklikse nuusbrief, en vervolg:**

**„Geen party wat met stemme aan bewind moet kom en aan bewind moet bly sal ooit in die geleentheid wees om 'n republiek uit te roep nie. Iets meer** as tien jaar gelede het ek vir die publiek op Oos-Londen gesê dat die destydse opposisie teen „sesessie" sou stem en dat 'n republiek sonder afskeiding van die Ryk 'n grap, ja 'n slegte grap sou wees. Vandag herhaal ek daardie verklaring en roep dr. Malan tot getuie op die eerste bewering. Die tweede, dié omtrent 'n Koelie-republiek binne die Britse Ryk, kan ek staaf deur aanhalings uit „Die Burger" en feitlik elke Nasionale koerant. Of beskou die Nasionale Pers so 'n republiek nie meer as 'n slegte grap nie?

„'n Tyd gelede het ek aan die hand gegee dat die tyd gekom het vir die ‚Gesuiwerdes' om by al hulle stryd- en feesdae 'n dag van verootmoediging en verontskuldiging teenoor Generaal Hertzog te bepaal. Vandag kan ek daarby voeg dat aan my persoonlik ook 'n verontskuldiging toekom vir meer as tien jaar se verdraaiings en slegmaak."

# ‚EMPIRE' NET SO REG AS ‚STATEBOND'

**Daar is geen besluit op die Statebondskonferensie geneem om die terme „Statebond," „Britse Statebond" of „Ryk" weg te laat of te gebruik nie, het die Britse eerste minister in die Britse laerhuis verklaar.**

Terminologie moet tred hou met die ontwikkeling en moet nie onbuigbaar wees nie, het hy gesê. Hy het geantwoord op vrae oor watter benamings vir die Britse Ryk gebruik moet word en op versoeke dat die woord „Britse Ryk" nie van die prentjie verwyder moet word nie.

Hierop het Attlee verklaar: **„Menings verskil in verskillende dele van die Statebond en die Ryk en dit is beter om mense toe te laat om terme te gebruik waarvan hulle die meeste hou."**

# Verlang Britse Regering Toegewing Teenoor Indië?

**Op versoek van Clement Attlee, Britse eerste minister, het dr. Malan tydens die imperiale konferensie in Londen samesprekings gevoer met die twee Indiese leiers, Pandit Nehru en Liaquat Ali Kahn, eerste minister van Pakistan, in verband met die geskil tussen Suid-Afrika en Indië. Samesprekings sou verlede week voortgesit geword het by Lake Success tussen min. Eric Louw en mev. Pandit Nehru.**

**Volgens die korrespondent van die Cape Times het die Britse regering besluit dat dit nie in belang van die Britse Ryk is dat sy lede met mekaar in vyandskap lewe nie, en daarom het Attlee pogings aangewend om 'n versoening teweeg te bring.** Van dr. Malan se kant is te kenne gegee dat die Unie ten gunste sal wees van 'n wapenstilstand ten opsigte van die handelsoorlog wat die afgelope paar jaar aan die gang is.

**Indië en Pakistan daarenteen eis 'n algehele herskommeling en terugtrekking in sekere gevalle van die segregasie-maatreëls en beperkinge wat Indiërs verbied om hul volle burregte uit te lewe.**

Die berig voeg daaraan toe dat indien die verdere samesprekings in Amerika vrug afwerp, 'n Indiese afvaardiging na die Unie sal kom om sake hier met die Unie-regering te beklink.

### RYKSVERDEDIGING

Daar word op gewys dat 'n gemeenskaplike verdedigingsplan vir die Ryk 'n oplossing van die geskil tussen die twee lande baie noodsaaklik maak.

**Die vraag kom natuurlik op of die familiebande van die Britse Ryk nie reeds klaar Suid-Afrika gekompromitteer het tot 'n versaking van sy standpunt teenoor die Indiërs nie. Vir Suid-Afrika kan daar geen kompromis wees ten opsigte van hierdie vraagstuk nie. Indiërs is reeds besig om Oos-Afrika vir die toekomstige Indiese Empire in te palm, en as in ons land ook nog toegewings teenoor die Indiërs gedoen moet word omdat dit in Brittanje se plan vir Ryksverdediging pas, behoort die vraag te ontstaan by diegene wat so behep is daarmee of die prys vir Rykseenheid vir ons land nie te hoog gaan wees nie.**

Die Indiese probleem is 'n regstreekse vrug van Britse imperialisme en as ons nou uiteindelik nog verder gestrem gaan word om hierdie aktuele vraagstuk op moedige en deurtastende wyse aan te pak, dan hoop ons dat ook diegene wat tans wil berus by 'n Empire-konneksie in die hoop dat dit „die Engelse sal maak maak vir 'n republiek," sal besef dat ons Suid-Afrika nog verder onveilig maak terwille van Britse konneksies.

$ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.